

voëllewe korannaberg

– T. Farkas

Die Korannaberg kan met reg as een van die natuurskone glanspunte van die Oos-Vrystaat beskou word. Dit lê omtrent 110 km noordoos van Bloemfontein af en is dus maklik binne die bereik van dié stad se natuurliefhebbers. Die skilderagtige rotsformasies wat op party plekke uittoon tot meer as 300 m oor die vlak valleie van die Vet- en die Klein Vetriviere skep die indruk van groot bergvestingruïnes uit 'n vergane tyd. Erosie het oor die millennia heen deeglik sy werk op dié berg gedoen deur geweldige sandsteenmassas, vanaf die grasveldbedekte sentrale plateau af, in alle rigtings diep oop te kloof. Talle van die klowe het tot in die droë seisoene water, wat afkomstig is van fonteintjies hoog in die kranse. Daar is ook een, alhoewel klein, waterval op een van die sentrale kranse van die Korannaberg, 'n unieke verskynsel in hierdie gedeelte van die Vrystaat.

Die eienaardige verwerking van die uitgebreide sandsteenplate wat op die kroon van die berg in groepe rondlê, dra ook tot die relatiewe waterrykdom by, aangesien reënwater in vlak, tot halwe meter diep komme van die rotsplate versamel en daar soms maandelank opgegaar bly. Behalwe vir die boonste grasplateau is die klowe en ook meeste van die berghange met digte inheemse bosse oorgroei wat uit heelwat immergroen bome en struiksoorte bestaan. 'n Belangrike eienskap van die Korannaberg is dat dit naby die skeidingslyn tussen die droë Wes- en die meer waterryke Oos-Vrystaat geleë is, wat tot onlangs toe moontlik nog die toneel van 'n indrukwekkende verskeidenheid dierelwe moes gewees het.

Van daardie verskeidenheid het nog net die voëllewe grotendeels ongeskonde oorgebly. Die Afdeling Voëlkunde van die Nasionale Museum het derhalwe die Korannaberg by sy navorsingsprojekte ingeskakel ten einde die status van die voëllewe te bepaal.

Van die roofvoëls is die Krans-aasvoël (*Gyps coprotheres*), die Witkruisarend (*Aquila verreauxi*), die Edelvalk (*Falco biarmicus*) en die Slegvalk (*F. peregrinus*) permanente inwoners van die berg. Bewaringsbewuste grondeienaars - waarvan daar gelukkig talle om die berg woon - het besluit om die aasvoël te bevorder omdat dit 'n bedreigende spesie in Suid-Afrika is, (veroorsoak deur kosbronne wat al skaarser raak), deur gereeld karkasse in die sogenaamde aasvoël-kafeteria op die oostelike grootkrans van die berg uit te sit.

Fisante kom nog volop op die Korannaberg voor, een hiervan is die Natalse Fisant (*Francolinus natalensis*) wat 'n gewone inwoner van die Drakensberge is.

In die beboste klowe kan die ritmiese geroep van die Piet-my-vrou (*Cuculus solitarius*), wat ook 'n tipiese inwoner van bosse in die hoër reënvalareas van die land is maar wat weswaarts van die Koranna tot by Bloemfontein slegs per uitsondering nog voorkom, gehoor word. Nog 'n voël wat beperk is tot ylbeboste kranse met fonteine en watervalle en dus net plek-plek in die Oos-Vrystaat voorkom, is die Dassievoël (*Thamnolaea cinnamomeiventris*) dié is volop op die kranse van die Korannaberg. Die klein, sierlike vinksoort, die Swie (*Coccygia melanotis*) wat ook tot die rivier- en bergbosse van die oostelike hoër-reënvalgebiede gebonde is, kom hier in ten minste twee beboste klowe van die Koranna permanent voor, wat honderde kilometer ver van sy naaste bekende broeiplekke in die Oos-Kaap is.

Die paar voorbeelde van groot skares voëls wat die skilderagtige kranse, hange en bosse van die Korannaberg bewoon, dra beslis daartoe by dat almal wat met hierdie juweel van die Vrystaat kennis maak, hierdie berg as een van ons potensiële nasionale parke sal beskou. ☺



Selektiewe verwering op die Korannaberg.



Komme met water in die sandsteen.